NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 16 – Uitgawe 29
24 Augustus 2023

# ’n Nuwe lewensfase

Om *Blitspos* te ontvang, stuur ’n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

***Skryf vir Blitspos oor jou ervaring van die lewe as predikant na emeritering*, word ek gevra. Ek kan nie, want dit is nog te onlangs, ek is nie ’n kenner nie, ek het net vier weke ervaring daarvan, ek is nog in die vakansiefase, toe begin ek wonder…**

Voor emeritering is die normale vraag wat oor en oor gevra word: *Wat gaan jy nou doen?* Jare gelede toe almal haar in haar matriekjaar gevra het wat sy die volgende jaar gaan doen, het ons dogter later geantwoord: *Ek gaan resieskamele afrig in Saoedi-Arabië*. *

Ek antwoord daardie vraag nou met die uitdrukking van ’n vriend se ma: *Nee man, ek help mos vir Albertus, en Albertus doen niks!* **

Die emeritaat het flinker aangekom as wat ek gedink het, al was dit eers na veertig jaar en ses maande. Die Dinsdagoggend daarna wonder ek hardop oor waaroor ek Sondag gaan preek. ’n Verbaasde, geamuseerde, voormalige predikantsvrou antwoord: *Jy preek nie Sondag nie.* Dit was nogal ’n skok.

Ek het nou al die geleentheid gehad om na vier preke van drie jong predikante te luister. Dit is anders as toe ons jonk was en dit is ook goed so; die lewe is ook anders, Christus bly dieselfde. Op die uithoeke van die kerk, waar ek gedien het, wanneer ek ’n Hervormde preek wou hoor, moes ek dit self preek. Die geskenk om in die kerkbank te sit en luister, het selde gekom. By ander begrafnisse en troues, het die kerkbanke gou hard geword vir my. Dit is vir my moeilik om na ’n preek te luister, om soos ’n lidmaat te luister, maar dit is ’n voorreg om te luister en ek geniet dit. Gelukkig preek ons dominee uit die Bybel.

Dit is ook moeilik om Bybel te lees, om te lees sonder om te dink aan preek, ek kry dit nog nie goed reg nie, maar oefen hard daaraan en hoor al meer.

Dit is goed om nie meer die verantwoordelikheid vir ’n gemeente te dra nie. Dit is lekker om met ’n glimlag vir lidmate te sê: *Ek weet nie, gaan vra die dominee*. Gelukkig het ons ’n goeie een.

Dit is natuurlik onmoontlik om los te maak van die mense met wie jy ’n groot stuk van die lewe se vreugde en seer gedeel het. Dit is gelukkig ook nie nodig om los te maak nie, want ons het nie verhuis nie. Daar gaan dalk nou meer tyd vir kuier wees.

Daar is ’n boek met boodskappe van lidmate wat tydens die emeritaatsaanvaarding vir ons gegee is. Ek besef opnuut die groot verantwoordelikheid wat ’n predikant het. ’n Predikant se woorde en voorbeeld het ’n groot invloed. ’n Mens voel klein wanneer jy lees oor die dankbaarheid en waardering van mense wie se lewens jy positief geraak het. Daar is jonger lidmate wat geen ander predikant as vir my geken het nie. Daar is natuurlik nie boodskappe van hulle wie se lewens ek onbedoeld nié gehelp het nie. Ek dink oor die baie foute waarvoor ek hopelik vergewe is. Met die lig van terugkyk sou ek natuurlik baie dinge anders gedoen het, maar ’n mens handel mos met die lig wat jy het.

* Sy het toe nie kamele gaan afrig nie, maar Chemie gaan studeer.
** Wanneer ek klaar vir Albertus help niks doen het, vra my dan weer.

**Ds Thomas Joubert, Emeritus**

# Lief en leed



Raadslid Casper McDonald

- **Raadslid Casper McDonald** (67) van die DA en lidmaat van Gemeente Rooihuiskraal is Maandagoggend 21 Augustus oorlede. Hy was in die hospitaal vir 'n operasie en is daar aan 'n hartaanval oorlede. Hy was vir baie jare ouderling en kategesehoof in die gemeente. Sy roudiens vind Vrydag 25 Augustus om 11:00 plaas by Gemeente Rooihuiskraal, hv Santie- en Konstantynstraat, The Reeds. Ons innige simpatie gaan aan sy vrou, Trudie, hul kinders en ander naasbestaandes.

- **Die volgende predikante verjaar tot 1 September, en word hartlik geluk gewens:**

| | |
|---|---|
| Saterdag 26 Augustus: | Dr C (Chris) le Roux (66) (emeritus/Stellenbosch) en ds JJ (Joseph) Steÿn (41) (nie-diensdoende) |
| Sondag 27 Augustus: | Prof JH (Johan) Koekemoer (88) (emeritus) |
| Maandag 28 Augustus: | Ds GC (Gert) van Staden (91) (emeritus) |
| Dinsdag 29 Augustus: | Ds J (Jan) van Immerzeel (77) (emeritus) |
| Donderdag 31 Augustus: | Ds J (Juan) de Beer (30) (Parys) |
| Vrydag 1 September: | Prof PJ (Pierre) Jordaan (64) (Wonderfontein) en ds WRT (Tertius) Hindley (66) (emeritus) |

# Gemeentes en bediening

- Enige saak wat volgens die Kerkorde onder die aandag van die **Kommissie van die AKV** gebring moet word, moet mev Karen Breedt (**karen@nhk.co.za**) asseblief **teen 28 Augustus** bereik **vir 7 en 8 September** se Kommissievergadering. **Geen laat sake** sal in die agenda opgeneem word nie.

- Op 11 Augustus het die **werkgroepe van die NHKA en die MRCC** by Gemeente Philadelphia byeengekom. Hul volgende ontmoeting word beplan vir 30 Augustus. **Op die foto** is van links na regs prof Wim Dreyer, ds Lucas Maenetsa, dr Wouter van Wyk, ds Modisaotsile Motloba en ds Oscar Madlala.



- Gemeentes of predikante wat gereeld **(finalejaar)kategese aanlyn** aanbied, kan **dr Wouter van Wyk** kontak by **wouter@nhk.co.za**. Van ons lidmate in die buiteland het die behoefte om deel te word van 'n geloofsgemeenskap en binne sodanige geloofsgemeenskap belydenis van geloof af te lê.

- As deel van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) se **90ste herdenking van die Bybel in Afrikaans** en as blyk van dankbaarheid, is die **2020-vertaling van die Bybel in Afrikaans** beskikbaar teen die spesiale prys van **net R79 (normaalweg R159)**. Lidmate word ook hartlik uitgenooi om enige tyd gedurende Augustus deel te neem aan die BSA se **virtuele Stap, Draf en Trap vir Bybels**. Kontak Anne-Marie Malan (**malan@biblesociety.co.za**) vir enige navrae of hulp.

- Lidmate word ook hartlik uitgenooi na die **Dankfees vir 90 jaar van die Bybel in Afrikaans, Sondag 27 Augustus om 15:00** by die **Voortrekkermonument**. Die uitnodiging is in die besonder gerig aan lidmate wat in 1933 gebore is om eregaste te wees. Stuur asseblief die name en e-posadresse van 90 jaar oue lidmate wat die geleentheid as eregaste wil bywoon, aan dr Wouter van Wyk by **wouter@nhk.co.za**. Hy sal dit dan aan die reëlingskomitee deurgee, wat die betrokkenes sal kontak om reëlings te tref.

- Op **Sondag 10 September** vanaf 09:00 vier **Gemeente Witfontein haar 60ste bestaansjaar** tydens die **erediens** waarin al die eer aan die Here gebring sal word vir genade op genade wat in die gemeente beleef is. Witfontein nooi van harte almal wat in die 60 jaar deel gehad het aan hierdie gemeente of 'n noue pad met die gemeente gestap het, om saam met ons dié dankbare mylpaal te kom vier. Op **Saterdag 16 September** vanaf 18:00 vier ons die gemeente se "verjaardag" met 'n Bring-en-braai & Pizza-aand by Witfontein. Bring jou eie

## ’n Gedig

**Eer en oordeel vir mure**

Lank leef die mure wat die dakke dra.
Af met die mure gerig om as versperrings te pla.
Lank leef die mure wat teen die koue beskut.
Af met die mure as grense benut.
Lank leef die mure wat aan skole skuiling bied,
en aan binnepleine vir dans en lied.
Af met die mure bedek met doringdraad,
geskep om geen gaping vir ’n vlugteling te laat.
Af met die mure van wagtorings voorsien.
Lank leef die mure wat as slaapkamers dien.
Af met die mure wat haat laat groei.
Lank leef brûe waardeur menslikheid bloei.
Af met die mure wat wonde oopkrap
(nog nooit kon mure verseker niemand word vertrap).
Lank leef die mure waardeur vensters lig bring.
Lank leef die mure waar die son kan binnedring.
Die mure wat die morrende wêreld omhein,
vervuil dié wêreld met skandelike landmyne.
Af met die mure wat mense verdeel.
Lank leef die mure van die druiweprieel.

**Francis Combes (1953-)**
(Vry vertaling: Wouter van Wyk, 16 Augustus 2023)

***Eloge et condamnation des murs***

*Vive les murs qui soutiennent les toits.*
*À bas les murs érigés en barrières.*
*Vive les murs qui protègent du froid.*
*À bas les murs qui servent de frontières.*
*Vive les murs abritant des écoles*
*Et ceux des cours où courent des farandoles.*
*À bas les murs couverts de barbelés*
*Faits pour barrer la voie aux réfugiés.*
*À bas les murs garnis de miradors.*
*Vive les murs des chambres où l’on dort.*
*À bas les murs qui font grandir la haine.*
Vive les ponts et les routes humaines.
*À* bas les murs qui ouvrent les blessures
(Jamais les murs n’ont fait le monde sûr).
Vive les murs qu’éclairent des fenêtres.
Vive les murs que le soleil pénètre.
Les murs murant le monde murmurant,
font de ce monde un champs de mines indigne.
*À* bas les murs qui divisent les gens.
Vive les murs où pousser la vigne.

**Francis Combes (1953-)**
(Uit: *Frontières – Petit atlas poétique*)
**https://www.decitre.fr/livres/frontieres-9782362294389.html**
2023

